Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #24 9 Augustus 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Wanneer God beweeg, beweeg sy kinders

Sing: Sb 1-2:1, 2, 3
Sing: Ps 31-1: 3, 17
Wetlesing: Rom 12:9-21
Sing: Sb 14-3:4
Skriflesing: 2 Konings 6:24-7:20 **Teks:** 2 Konings 7:9
Sing: Ps 118-1: 1, 14
Sing: Ps 148-2: 1, 7, 8, 9
Amen: Sb 13-2

11:30 International Service

Dr Raymond Potgieter

Theme: Jesus on prayer

Scripture reading: Luke 18:1-14 **Key verse:** Luke 18:7

18:00 Aanddiens

Prof Nico Vorster

Tema: Die lewe as 'n feesmaal saam met God

Lofprysing

Lied 184: 1, 2, 4 Lofsing die Here
Lied 214:1,2,3 Here, ons sal U loof
Lied 525:1,3 Here, hoe blymoedig

Sing: Ps 146-2:1, 2
Sing: Ps 42-1:1, 2
Skriflesing: Psalm 23
Sing: Ps 42-1:3
Amen: Sb 13-3

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: JC Potgieter & GP Schoeman	Diaken: Theuns Eloff

FOKUSTYD 2015

Ek kniel voor ons God (Ef 3:14-21)

'n Gebed om groter bewustheid en belewing van ons identiteit in God

Vanaf Sondag 16 Augustus tot Sondag 20 September vind ons jaarlikse Fokustyd plaas.

Getrek deur die beweging in die GKSA wat as die Kerkgroeistrategie (Voorheen Omkeerstrategie) bekend staan is daar besluit om die jaar op persoonlike groei in ons verhouding met God te fokus. Voordat verandering nie by elkeen van ons plaasvind nie, sal daar ook nie verandering in die kerk plaasvind nie. Dit begin weer waar elkeen van ons voor die Here in gebed kniel.

Daarom gaan ons DV aan die hand van die gebed van Paulus in Efesiërs 3 op groter bewustheid en belewing van ons identiteit in God fokus.

Dink solank daaraan om by 'n kleingroep in te skakel of een te begin – al is dit net vir die vyf geleenthede. Skakel met die kerkkantoor of die predikante vir meer inligting.

Fokustyd: toerusting vir kleingroepleiers

Op Woensdag 12 Augustus om 19:00 is daar 'n toerustingsgeleentheid vir alle kleingroepleiers in die stoepvertrek by die kerksaal. Die toerusting is gerig op hierdie jaar se Fokustyd daarom vra ons dat daar asb 'n verteenwoordiger uit elke kleingroep/ Bybelstudiegroep sal wees.

Meelewing

Jos Coetzee het 'n groot beroerte-aanval gehad en word in die hospitaal versorg. Al het ons menslikerwys kontak met Jos verloor glo ons dat die Heilige Gees hom steeds vertroos en naby is. Ons dink aan **Tina** (082-899-3247) en hulle gesin in die beproewende tyd.

Tannie **Hattie Martins** is in die Intensiewe eenheid met longontsteking. Ons bid vir beterskap en dank die Here vir sy nabyheid in haar lewe. Ons dink ook aan **Esté Vorster** (082-923-1958) en hulle gesin wat haar ma moet bystaan.

Braam de Villiers (082-564-2642) is by die huis waar hy verdere behandeling ontvang vir klonte in die longe. Ons is dankbaar vir beterskap.

Ons dink aan **Petrus van der Walt** en sy gesin (**Petro van der Vyver** [076-191-7867] se seun) wat skotvry van 'n kapingsdrama ontkom het. Ons weet dat 'n mens se vryheid gesteel word en bid dat die Here perspektief sal gee

Chloé Werkman (083-233-4941) het aan die Interprovinsiale Ritmiese Gimnastiek Kampioenskap deelgeneem. Sy het skoonskip gemaak in al die afdelings en die Lintreeks en "Club reeks" gewen. Sy het ook die algehele gou medalje vir Level 3 Ritmiese Gimnaste gewen. Ons is baie trots op jou, Chloé!

Welkom hier!

Dongyeong Yun, Jungeun Kwak & Lee eun Yun
072-089-4968

Raj Kumar
072-921-0330

Wil jy ook by ons gemeente inskakel? Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

Verjaarsdae

Vandag, 9 Augustus
Mariaan Breed 072-341-0305
WD Schutte 083-338-2820

Dinsdag, 11 Augustus
Carli Grobler 20 083-658-2162

Donderdag, 13 Augustus
Willie Cloete 082-433-3239

Vrydag, 14 Augustus
Muriel Alberts 083-379-8228
Eugene Coetzer 072-281-8152

Saterdag, 15 Augustus
Clara Shin 079-730-9773

Diensgroepe van die Diakens

Koningskinders

Daar word uitgereik na kinders tussen Gr.1 en Gr. 10 wat fisiese, emosionele of geestelike nood het. Eenmaal 'n maand word daar 'n aksie gehou waar daar met die kinders Bybelstudie gehou word, behoeftes aangespreek word en 'n middagete verskaf word. Ook vind daar jaarliks twee Koningskinderskampe plaas.

Hoe word ek deel? Bel vir Marida van Eeden 060-977-1124. Daar word baie hulp benodig: enige finansiële- of voedseldonasies om kampe en aksies moontlik te maak, en ook vervoer; studente wat bereid is om as groepleiers op te tree; en laastens, die kinders kort liefde en emosionele steun: raak fisies betrokke by die kampe of maandelikse aksies waar daar gespeel, gelag en gesels word oor dinge wat die hart raak!

Resepteboek

Deel met ons jou trefferresep!

Ons het al heelwat heerlike resepte ontvang, maar omdat hierdie 'n projek VIR die gemeente DEUR die gemeente is, sal dit goed wees as diegene wat nog nie 'n bydrae gemaak het nie daardie familiegunsteling saam met 'n agtergrondstorie neerpen en vir ons aanstuur.

Hoewel einde Junie as spertyd gestel is, sal ons geen resep afwys wat tot einde Augustus ingedien word nie.

E-pos dit na mercia.venter72@gmail.com of eunicestoltz@gmail.com of gee vir ons 'n kopie by die kerk. Jy is ook welkom om dit by die kerkkantoor af te gee. Vir meer inligting of om die resep en storie sommer mondelings met ons te deel, kontak Mercia Venter: 083-468-2075 of Eunice Stoltz: 083-595-8981. Enige resep is welkom!

Nuwe OnderOnsie

Die OnderOnsie (ons gemeente se boekie met almal se kontakbesonderhede in) **word hierdie week gefinaliseer.** Het jy dalk in die afgelope jaar getrek? Of het jou selfoonnr of e-posadres verander? Stuur jou adres, selfoonnommer en e-posadres vir Fransa by gkbult@gmail.com of SMS / WhatsApp na 076-391-7578 teen Dinsdag.

Teeskinkbeurte

9 Augustus
Wyk 26 (Maritha de Jager - 0824649800)
Wyk 27 (Marina Grobler - 0832337756)

16 Augustus
Wyk 28 (Retha van Wyk - 0839671511)
Wyk 30 (Jacoba van Rooy - 0835078567)

23 Augustus
Wyk 31 (Elsa Reinecke - 0834580384)
Wyk 33 (Wilma Herbst - 0829657525)

Baie dankie!

Baie dankie

Liewe gemeente
Baie dankie vir die 41 jaar wat ek diens kon lewer as orrelis. Ek het die kerkraad versoek om my te onthef van my diens as orrelis op 31 Augustus. Dit was vir my 'n fees om julle sang te begelei tot eer van Here.
Seënwense en liefde, Annatjie Verhoef

Met groot waardering wil ons net baie dankie sê vir die pragtige, kleurvolle ruiker wat ek ontvang het.
Blomme laat 'n mens altyd beter voel !!
Baie dankie aan die germeente se besonderse meelewing. Al die besoeke, boodskappe en oproepe.
Baie spesiale dank aan ds. Fanie vir al sy besoeke , ondersteuning, bemoediging en pragtige boodskappe wat so verrykend is.
Ons grootste dank gaan aan ons Hemelse Vader wat ons in sy arms dra en vir Sy grootse genade.
Op die oog af lyk dit of die operasie 'n sukses was en ons is baie dankbaar daarvoor.
Gert en Rina de Beer

KAMP IN DIE WILDTUIN

Daar is DV volgende jaar, vanaf 22 tot 27 April weer 'n kampgeleentheid saam met lidmate in Krugerwildtuin.
Ons kon 'n groepsbespreking by die Balule- satellietkamp naby Olifants maak.
Daar is nog twee kampplekke beskikbaar en belangstellendes kan met Braam de Villiers skakel om te bespreek

Kuierkombuis kry 'n nuwe baadjie! Ons lewer 'n diens!

Ons gemeente bedryf jaarliks Die Kuierkombuis tydens Aardklop! Die Kuierkombuis se wins is in die verlede nog altyd uitbetaal aan individue/instansies wat 'n finansiële hupstoot benodig, dus was die mikpunt om soveel geld moontlik met die projek in te samel. Die wete dat ons hard werk om ander finansieel te help is juis die fondament wat die sukses van die Kuierkombuis verseker het.
Die Kuierkombuiskomitee het egter begin om die projek te herevalueer en herbesin oor ons as gemeente se roeping t.o.v. Die Kuierkombuis.
Ons het besluit dat ons ons fokus moet verskuif vanaf 'n winsmotief na dienslewering aan ons gemeenskap en Aardklopbesoekers. Dienslewering kan ook voor-en na Aardklop plaasvind.
Ons beoog om steeds ontbyte te bedien en 'n teetuin te bedryf maar ons wil aan 'n buite-instansie die geleentheid gee om bekostigbare ligte etes te verkoop vir hul eie inkomste.
Ons praat ook oor 'n moontlike G5 Aardklop uitreik waartydens ons 'n stukkie van Aardklop ook met ouetehuise en versorgingseenhede in ons omgewing kan deel.
Ons wil graag ons gemeenteroeping tydens Aardklop uitleef om deel te wees van die Here se bediening IN, OP en OOR die Bult.
Ons moet die "Kuier" terugsit in "Kuierkombuis" en daarom nooi ons die gemeente en kleingroepe uit om op die stoep te kom saamkuier tydens Aardklop!

Hoërskool aksie

Ons nooi al ons Hoërskool kinders om Vrydag 14 Augustus om 14:00 saam met ons te kom klei-duiwe skiet. Ons gaan daarna saam braai en fliek by die G5 Koffiekamer. Die uitstappie kos R50/persoon. Skryf sommer vandag nog jou naam op – onthou julle vriende is altyd welkom! Kontak gerus vir Rina Muller of Willem Steyn vir meer inligiting.

Mede-orrelis vir GK Bult

Daar is tans 'n vakature vir bg pos en enige persoon met toepaslike kwalifikasies wat begeleiding tydens eredienste vir Afrikaanse en Internasionale dienste kan doen, sowel as leiding kan neem met die koördinering van instrumentaliste vir die samestelling van musiekondersteuningsgroepe, word uitgenooi om hiervoor aansoek te doen. Navrae kan gerig word aan Fransa Vorster by Geref Kerk Potch Die Bult (gkbult@gmail.com; tel 018-297-4843). Aansoeke sluit op 21 Augustus 2015.

Gemeente-ete volgende Sondag 16 Augustus!

Om die Fokustyd behoorlik af te skop gaan ons as gemeente Sondag 16 Augustus lekker saam eet en kuier! Skryf asb vandag jou naam op die lys in die portaal indien jy die ete gaan bywoon. Op die spyskaart is heerlike bobotie en geelrys met pampoentert, groenboontjies en piesangslaai! Bring asb jou eie eetgerei (onthou poedingbakkies!) en drinkgoed. Indien jy op die grasperk wil kuier, onthou om stoele/komberse saam te bring!

Liefdegawes

by die deure

9 Augustus
Oggend: Deputate Jeugsorg
Aand: Meelewingsfonds
16 Augustus
Oggend: Teologiese Studentekas
Aand: Meelewingsfonds
23 Augustus
Oggend: Emeritaatsversorging
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Borg~'n~Bybel

Ons het elke jaar 'n Borg-'n-Bybel projek wat in die derde kwartaal plaasvind. Ons het laas jaar R24 229 ingesamel – amper 485 Bybels. Ons mik hierdie jaar vir 500!
'n Bybel kos R50, maar enige donasies is welkom – koeverte is by die deure beskikbaar. Hierdie donasies vervang die gewone Bybelverspreiding-kollektes wat gewoonlik gehou word.
Ons soek 'n Kleingroep wat hierdie projek kan bestuur. Kontak asseblief die kerkkantoor vir meer inligting.

Kom ons help mekaar

Ons sê baie dat ons graag mense wil help maar net nie weet hoe nie. Dalk het jy een van die volgende items wat jy nie meer gebruik nie, en aan een van ons behoeftige lidmate kan skenk:
• Klere vir babadogtertjie (6-12 maande)
• Fiets • Selfoon
• Rekenaar (ons het reeds 'n skerm gekry)
Skakel met die kerkkantoor vir enige verdere navrae.

Ons straatkinders & Thakaneng (8)

Baie dankie vir die hulp van die breiers in die gemeente. Die musse is met groot gejuig aanvaar!
Ons het nou begin om kinderboeke en jeugboeke (Afrikaans en Engels) bymekaar te maak. In ons almal se huise is daar sulke boeke wat Thakaneng se baie klein biblioteek kan aanvul. Ou tydskrifte is ook baie welkom. Elsa se selfoonnomer: 083-370-1230, huisnommer 018-294-6202. Ons sal graag boeke en tydskrifte kom haal of dit kan by Walter Sisululaan 13 afgegee word. *(Thakaneng is langs SASSA, naby Ikageng se ingang en hulle Telnr. is: 018-297-0825.)*

Bult Student Getaway

- **When**: Friday 18th Sept – Sunday 20th Sept
- **Where**: Tierfontein in the Vredefort Dome
- **Who**: Any student
- **Cost**: R70pp (Transport included)
- **Bring**: Duvet/Sleeping bag & pillow, Towel, Toiletries, Bible, Notebook & Pen, Swimming clothes, Walking shoes and lots of energy!
- **RSVP:** gkbult@gmail.com / 079-525-2507

Frankfort Riviertoer

2-6 Desember 2015

Inskrywings nou oop! Gaan kyk op https://www.facebook.com/riviertoer.frankfort of kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

advertensies

In die hartjie van Mooivallei
1 Slaapkamer wooneenheid met stoep en badkamer. Onderdakparkering. Nuwe pad, 1.4 km van Patria-hek. Jong getroudes, Nagraadse of werkende studente. Afgetreede, pensioenaris. 'n Tweeslaapkamer kothuis is ook beskikbaar: oopplan met kombuis. Nuwe pad maak dit baie toeganklik. Christa Truter: 079-026-1049

Geselskapdame – Ons benodig 'n dame, verkieslik ouer as 50 jaar, om ons moeder te besoek en van hulp te wees vir 2 dae 'n week (Maandae en Vrydae van 15:00 - 17:00). Eie vervoer, verkieslik 'n nie-roker. Vergoeding onderhandelbaar. Aansoek per e-pos aan Louis en Marie Bouwer: bouwerl@telkomsa.net

---

Available now: Bachelor's flat + carport in a quiet area. 1 km from campus. R 1800 p.m. + electricity used. Email: 11659149@nwu.ac.za

INTERDOPPERKAMP
Eenheid

Senior Studente en Jong Werkendes welkom
28 - 30 Augustus • Nooitgedacht • R320
Navrae: Koos Henning 079 913 6466 of jubilacachet@gmail.com

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skriba: Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molen): Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 060-977-1124
Preekbegeleiding: Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843
Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Ans Geertsema: 073-192-8976
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Kosbank: Kerkkantoor: 018-297-4843
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG